
# DANKBAARHEID

## MARKUS 12:44

*Jesus het toe regoor die offergawekis gaan sit en kyk hoe die mense geld daar ingooi. Baie ryk mense het baie geld ingegooi. Daar het toe 'n arm weduwee gekom en twee muntstukkies ingegooi. Dit was baie min werd. Hy het sy dissipels nader geroep en vir hulle gesê: "Dit verseker Ek julle: Hierdie arm weduwee het meer ingegooi as al die ander mense wat iets in die offergawekis gegooi het.* ***Hulle het almal uit hulle oorvloed iets ingegooi, maar sy het in haar gebrek alles ingegooi wat sy gehad het, alles waarvan sy moes lewe."***

## LEERPLAN

- Lees altyd weer die teks 'n paar keer deur. Kyk weer na jou preeknotas en praat oor die woorde, gedagte of vers wat jou aangegryp het.
- Dink weer na oor die woord dankbaarheid. Die mediese wêreld beweer dat daar 'n groot verband is tussen dankbaarheid en ons gesondheid en geluk. Praat hieroor.
- Dink aan 'n tyd toe dit met jou sleg gegaan het. Hoe was jou gedrag of optrede? Hoe daag die arm weduwee se gedrag jou uit?
- Hoekom dink jy, leef sommige mense meer dankbaar as ander?
- Hoe kan jy meer dankbaar wees? Praat sommer prakties hieroor.
- Skaf 'n gebedshouer aan en plaas daarin'n klomp briefies met verskillende onderwerpe, soos gesin, skool, vriende, Bybel, Jesus, sport, gesondheid, geld ens. Trek elke dag 'n briefie en dink aan een saak waarvoor jy, oor hierdie onderwerp, dankbaar is.
- Dankbaarheid is die gevolg van diepe geloof en vertroue in God. Bespreek hierdie stelling.
- Som Jesus se reaksie oor die arm weduwee en die ryk mense se offers, kortliks op.
- Ons gemeente is in ons tiendemaand dankoffer tyd. Hoe gaan hierdie gedeelte jou help in jou besluit oor jou tiende dankoffer?



EK WIL VANDAG VIR DIE HERE DANKIE SÊ VIR ELKE LIDMAAT VAN CK. VIR JOU GAWE, TYD, GELD EN OPOFFERING! DANKIE HERE VIR HIERDIE GEMEENTE WAARAAN ONS KAN BEHOORT! AMEN.